

VAN SKULDIGE SONDAAR TOT VERGEWE HEILIGE

Daar was geen vingerafdrukke nie. Geen wapen is ooit ontdek nie. Niemand het die moordenaar by die kantoor van die dokter sien ingaan nie. Niemand het eers enige skote gehoor nie. Maar die dokter is uitgestrek agter sy lessenaar gevind. Vyf koeëlskote is deur sy hemp.

Dit het gelyk soos die perfekte misdaad. Die polisie kon aanvanklik geen leidrade vind nie. Maar toe vind hulle ‘n klein draadjie wat vasgeheg was aan ‘n potloodhouer op die dokter se lessenaar. Die draadjie het gelei na ‘n bandopnemer binne in ‘n laai. Hulle besef toe dat die potloodhouer eintlik ‘n mikrofoon versteek het wat die dokter gebruik het om sy gesprekke op te neem met pasiënte met wie hy berading gedoen het.

Die ondersoekbeamptes het vinnig die band teruggedraai en tot hulle verbasing, begin luister na ‘n opname van die werklike misdaad. ‘n Man met die naam Antonie het die kantoor binnegekom en in ‘n vurige argument met die dokter betrokke geraak. Skote is afgevuur. Die band het geëindig met die verskriklike kreune van die dokter wat sterwend op die vloer gelê het.

Elke aaklige besonderheid is opgeneem. Die moordenaar het gedink dat sy misdaad vir altyd ‘n geheim sou bly. Hy was baie versigtig om geen leidrade agter te laat nie. Maar die bandopname het die hele verhaal vertel.

In hierdie gids gaan ons leer van God se finale oordeel wanneer alle mense “geoordeel (is) na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke” (Openbaring 20:12). Vir diegene wat Christus nie as hulle Saligmaker aangeneem het nie, sal dit slegte nuus wees. Maar die oordeel is wonderlike goeie nuus vir diegene wat sekerheid in Christus gevind het.

1. HOE JY DIE OORDEEL TEGEMOET KAN GAAN SONDER VREES

Wie gaan die wêreld beoordeel?

“Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee.” – Johannes 5:22. (Tensy anders vermeld word alle Skrifgedeeltes uit die ONTDEK gidse geneem uit die Ou Vertaling van die Bybel in Afrikaans.)

Hoe het die kruis Christus voorberei om ons Regter te word?

“Hom (Jesus) het God voorgestel in sy bloed as ‘n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God – om sy geregtigheid te toon ... sodat HY SELF REGVERDIG KAN WEES EN REGVERDIG MAAK wie uit die geloof in Jesus is.” – Romeine 3:25, 26.

Christus se dood as ons plaasvervanger stel Hom in staat om op te tree as Regter sowel as ‘n genadige Regverdigmaker wat die bekeerde sondaar kan vergewe. Wanneer die heelal almal die vraag vra: “Hoe kan ‘n onpartydige regter ‘n skuldige persoon onskuldig verklaar?” kan Christus

antwoord deur na die merke in Sy hande te wys. Hy het in Sy eie liggaam die straf wat deur ons sondes verdien word, ontvang.

Die boeke van die hemel bewaar 'n rekord van elke individuele lewe, en daardie rekords word gedurende die oordeel gebruik (Openbaring 20:12). Dit is die slegte nuus vir diegene wat dink hulle geheime sondes en misdade sal nooit terugkeer om by hulle te spook nie. Maar daar is wonderlike goeie nuus vir almal wat opreg Christus as hulle Advokaat in die hemel aanvaar het: "Die bloed van Jesus Christus, ... reinig ons van alle sonde" (1 Johannes 1:7).

Wat gee Jesus in ruil vir ons lewe van sonde?

***"Want Hy het Hom (Christus) wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom."* – 2 Korinthiërs 5:21.**

Ons sondige lewe word verruil vir Christus se volmaakte regverdige lewe. As gevolg van Jesus se sondelose lewe en dood, kan God ons vergewe en ons behandel asof ons nooit sonde gedoen het nie.

Wat kwalifiseer Jesus om ons Advokaat en Regter te wees?

2. CHRISTUS HET OP DIE REGTE TYD GEKOM

Met Sy doop is Jesus deur die Heilige Gees gesalf:

***"En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom. En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehag het."* – Matteus 3:16, 17.**

Nadat Christus deur die Heilige Gees tydens Sy doop gesalf is, het die dissipels aangekondig:

***"Ons het die Messias [die Christus] gevind."* – Johannes 1:41.**

Die dissipels het geweet dat die Hebreeuse woord *Messias* en die Griekse woord *Christus* albei *die Gesalfde Een* beteken.

Lukas, een van Jesus se dissipels, het die datum van Jesus se salwing as die Messias aangeteken as die vyftiende jaar van Keiser Tiberius (Lukas 3:1). Vir ons sal dit die jaar 27 n.C. wees.

Maar as 500 jaar voordat Jesus gekom het, het die profeet Daniël voorspel dat Jesus as die Messias gesalf sal word in 27 n.C.:

"Van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe sewetalle (weke, Hebreeus) en twee-en-sestig sewetalle (weke)." – Daniël 9:25.

Sewe weke en twee-en-sestig weke kom tot 'n totaal van nege-en-sestig weke of 483 dae (7 X 69 = 483 dae). In simboliese Bybelse profesie is elke dag gelyk aan een jaar (Esegiël 4:6; Numeri 14:34), dus is die 483 dae gelyk aan 483 jaar. Daniël het voorspel dat 'n bevel uitgereik sal word om die tempel te herstel en op te bou, en presies 483 jaar na hierdie bevel, sal die Messias verskyn.

Het Jesus op die aangewese tyd as Messias verskyn? Artaxerxes het in 457 v. C. die bevel uitgereik om Jerusalem te herbou (Esra 7:7-26). Die 483 jaar het dus geëindig in 27 n.C. (457 v.C. + 27 n.C. = 484.) Die bevel is uitgereik in die jaar 457 en Christus is in die jaar 27 n.C. gesalf, wat albei net 'n gedeelte van 'n jaar maak, dus is die korrekte tyd 483 jaar.)

Op presies die korrekte tyd, in 27 n.C. het Jesus verskyn met die boodskap: *Die tyd is vervul* (Markus 1:15). Die akkurate vervulling van hierdie Bybelse profesie is 'n indrukwekkende bevestiging dat Jesus van Nasaret inderdaad die Messias, God in menslike vlees is.

Vir hoe lank sou Jesus die belofte bevestig?

“Hy sal een week lank met baie ‘n sterk verbond [‘n belofte] sluit.” – Daniël 9:27, eerste deel.

Wanneer ons die jaar-dag beginsel toepas, behoort hierdie *week* sewe jaar te wees, dus vir sewe jaar – van 27 n.C. tot 34 n.C. – sou Jesus *‘n sterk verbond sluit*, of ‘n belofte vervul wat Hy aan Adam en Eva gemaak het kort nadat hulle sonde gedoen het. God het ‘n verbond, ‘n belofte gemaak dat Hy die mensdom sou red van die sonde deur die dood van Iemand wat Hy sou stuur om vir ons sonde te sterf (Genesis 3:15).

Wat moes gebeur in die middel van hierdie sewentigste week?

“En gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou.” – Daniël 9:27, middelste deel.

Jesus is in 31 n.C. gekruisig, in die *helfte van die week*. Op die oomblik toe Jesus gesterf het, het God “die voorhangsel van die tempel ... in twee geskeur, van bo tot onder” (Matteus 27:51). Die offer wat gereed was om gedood te word (‘n simbool van Jesus *die Lam van God*) het uit die priester se hande ontsnap. Dit was ‘n teken dat God nie verder wou hê dat die mensdom diere as offers moes bring nie. Deur die profesie tot op die letter te vervul, het Jesus ‘n einde gemaak aan enige verdere offerandes om geoffer te word. Sedert Jesus se dood verkry mense toegang tot God nie deur diere as offers en menslike priesters nie, maar deur die Messias, die Lam van God en ons Hoëpriester.

3. DIE SEKERHEID VAN SONDES WAT VERGEWE IS

Volgens Daniël se profesie, waarom het Jesus gesterf?

“Sal ‘n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom.” – Daniël 9:26.

Met Sy dood op die kruis, is Jesus *uitgeroei* of afgesny. Hy het gesterf, “maar sonder iets vir Hom”, of nie vir Homself nie, nie om ‘n straf vir Sy eie sonde te betaal nie, maar om die straf te betaal vir die sonde van die ganse wêreld.

Hoe kan ons weet dat God al ons sondes vergewe het?

“Die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, ...WANT ALMAL HET GESONDIG ... en hulle word DEUR SY GENADE sonder verdienste GEREGVERDIG deur die verlossing wat in Christus Jesus is. ...In SY BLOED as ‘n versoening DEUR DIE GELOOF.” – Romeine 3:22-25.

Die sleutelgedagtes in hierdie teksverse is: Ons *het almal gesondig*, maar as gevolg van God se genade, word *almal geregverdig* wat *geloof* het in die reinigende krag van Christus se *bloed*. Wanneer ons geregverdig is, verklaar God dat ons nie skuldig is nie, en neem Hy die skuld van ons sonde van die verlede weg. En God verklaar ons regverdig; “geregtigheid van God deur die geloof in Jesus Christus.”

Ons almal wat so uitgeput is deur die stryd om goed genoeg te probeer wees, om op ons eie aan die standaard te voldoen, kan ware rus vind in Christus se genadige aanvaarding. Hy belowe, “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee” (Mattheus 11:28). Ons almal wat belas is deur littekens van die verlede en deur ‘n pynlike gevoel van ontoereikendheid en skaamte, kan vrede en volheid vind in Christus.

4. DIE TYD VIR DIE OORDEEL OM TE BEGIN

In die agtste hoofstuk van Daniël het ‘n engel ‘n groot panorama van die toekoms aan die profeet gewys. Daniël het (1) ‘n ram, (2) ‘n bokram gesien, en (3) uit een van die horings van die bokram, “het ‘n horing, eers klein, uitgekom, maar dit het baie groot geword” (Daniël 8:9); simbole wat (1) Medo-Persië, (2) Griekeland en (3) Rome voorstel (Daniël 8:1-12, 20-26).

Wat is die vierde deel van die profesie?

“Hoe lank sal die gesig duur – van die voortdurende offer en die ontsettende goddeloosheid – ...? En hy het vir my gesê: Tweeduisend-driehonderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word.” – Daniël 8:13, 14.

Daniël het flou geword voordat die engel die 2 300-dae gedeelte van die profesie kon verduidelik, en die agtste hoofstuk sluit met geen interpretasie daarvan nie. Maar later het die engel weer verskyn en gesê:

“Daniël, nou het ek heengegaan om jou insig te gee. Sewentig sewetalle [weke, Hebreeus] is oor jou volk en jou heilige stad bepaal om die goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring.” – Daniël 9:22-24.

Die 2 300 dae is natuurlik, 2 300 jare, elke dag staan vir ‘n jaar (Esegiël 4:6). Sewentig weke of 490 jaar, maak die eerste gedeelte van die langer tydperk van 2 300 jaar uit. Albei tydperke begin in 457 v.C. toe Persië ‘n wet uitgevaardig het om “Jerusalem te herstel en op te bou.” Trek 490 jaar van 2 300 jaar af, en wat oorbly is 1 810. Voeg 1 810 jaar by 34 n.C., toe die 490 jaar geëindig het, en dit bring ons tot by 1844 n.C.

Aan die einde van die 2,300 jaar sal ”die heiligdom in sy regte staat herstel word.”

7 maal 70 weke = 490 jaar, “afgesny” vir die Joodse volk.

vC 457	nC 27	nC 31	nC 34	
		+		
	3½	3½		

nC
1844

7 maal 69 weke = 483 jaar, tot die Messias kom.

7 weke of 7 jaar

5. DIE HEMELSE HEILIGDOM WORD GEREINIG – ‘N OORDEEL

Die engel het aan Daniël gesê dat in 1844, aan die einde van die 2 300 jaar “sal die heiligdom in sy regte staat herstel word.” (Daniël 8:14). Maar wat beteken dit? Sedert 70 n.C. toe die Romeine die tempel in Jerusalem vernietig het, het God se volk geen tempel op aarde gehad nie.

Die heiligdom wat dus herstel of gereinig moet word, van die begin van 1844 af, moet dus 'n hemelse heiligdom wees waarvan die aardse tempel slegs 'n replika (afskynsel) was.

Wel, wat beteken die reiniging of herstel in sy regte staat, van die hemelse heiligdom? Antieke Israel het die dag vir die reiniging van die aardse tempel, Yom Kippur, of die Versoendag genoem. Dit was in werklikheid 'n oordeelsdag.

Soos ons in Gids 12 ontdek het, het Christus se werk vir ons in die heiligdom twee fases: (1) *Die daaglikse offers* fokus op die priester se bediening in die voorste vertrek van die heiligdom, die Heilige Plek. (2) *Die jaarlikse offer* konsentreer op die Hoëpriester se bediening in die tweede vertrek, die Allerheiligste Plek (Levitikus 16).

In die aardse heiligdom, wanneer mense van dag tot dag hulle sondes bely het, is die bloed van die geslagte diere op die hoeke van die altaar gesprinkel, en dan oorgedra na die Heilige Plek (Levitikus 4 en 6). Dus, simbolies, is die sonde wat bely is dag na dag na die heiligdom gebring en daar gebêre.

Dan, elke jaar, op die Versoendag, is die heiligdom gereinig van al die sonde wat gedurende die afgelope jaar bely is (Levitikus 16). Om hierdie reiniging te doen, moes die Hoëpriester 'n toegewyde bok slag as 'n spesiale offer. Hy het dan sy bloed na die Allerheiligste geneem en hierdie reinigende bloed voor die versoendeksel gesprinkel om te wys dat die bloed van Jesus, die komende Verlosser, die prys vir sonde sou betaal. Die Hoëpriester het dan simbolies die sonde wat bely is van die heiligdom verwyder en dit op die kop van 'n ander bok geplaas, wat dan in die wildernes ingeneem is om te sterf (Levitikus 16:20-22).

Hierdie seremonie op die *jaarlikse Versoendag* het die heiligdom van sonde gereinig. *Die mense het dit beskou as 'n dag van oordeel* want diegene wat geweier het om hulle sondes te bely was as ongeregverdig beskou en is "uit sy volkgenote uitgeroei" (Levitikus 23:29).

Wat die Hoëpriester simbolies een maal 'n jaar gedoen het, doen Jesus eenmaal vir alle tye as ons Hoëpriester (Hebreërs 9:6-12). In die groot oordeelsdag verwyder Hy al die sondes wat bely is van diegene wat Hom as hulle Verlosser aangeneem het, uit die heiligdom. As ons ons sondes bely het, sal Hy op daardie dag die rekord van ons sondes vir altyd uitwis (Handelinge 3:19). Hierdie bediening is die werk van die oordeel wat Jesus in 1844 begin het.

In 1844 toe die uur van God se oordeel in die hemel begin het, is daar dwarsoor die wêreld 'n boodskap oor die oordeelsuur begin verkondig (Openbaring 14:6-7). 'n Volgende ONTDEK gids sal oor hierdie boodskap handel.

6. KOM TE STAAN VOOR JOU LEWENSREKORD IN DIE OORDEEL

Sedert 1844 is Christus as Regter besig om die rekord van elke persoon wat nog ooit geleef het, te ondersoek om te bevestig wie onder die gereddes sal wees wanneer Jesus kom. As ons Regter, wis Jesus al die sondes van die regverdiges uit van hulle lewensrekord in die hemel (Handelinge 3:19).

Wanneer jou naam in die oordeel voorkom, sal dit maklik wees om voor jou lewensrekord te staan te kom – AS jy Christus as jou Plaasvervanger aangeneem het. En wanneer die oordeel van die regverdiges verby is, sal Jesus terugkeer na die aarde om hulle te beloon (Openbaring 22:12, 14).

Is jy gereed vir Jesus om te kom? Of is daar iets wat jy van Hom wegsteek? Het jy 'n oop en eerlike verhouding met die Een wat belowe het:

“As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.” – 1 Johannes 1:9.

Belydenis beteken bloot dat ons saamstem om voor ons sondes te staan, God se vergifnis te aanvaar, en ons behoefte aan Sy krag en genade te erken.

Terwyl hy ‘n tronk in Potsdam besoek het, het Koning Frederick Wilhelm I na ‘n aantal oproepe om kwytskelding geluister. Al die gevangenes het gesweer dat bevooroordeelde regters, valse getuies of gewetenlose regsgeleerdes verantwoordelik was vir hulle gevangenskap. Van sel tot sel het dieselfde verhaal van onskuldige veroordeling voortgegaan.

Maar by die een sel het die gevangene niks te sê gehad nie. Verbaas het Frederick gegrap: “Ek veronderstel jy is ook onskuldig.”

“Nee, U Majesteit,” het die man geantwoord. “Ek is skuldig en ek verdien ten volle wat ek hier kry.”

Die koning het na ‘n wag gedraai en hardop uitgeroep: “Kom laat hierdie skelm vinnig vry, voordat hy hierdie goeie spul onskuldige mense verlei.”

Hoe kan ons vir die oordeel voorberei? Hoe kan ons gereed maak vir Christus om te kom? Bloot deur ‘n eerlike belydenis van die waarheid: ek verdien ten volle die doodstraf vir my sondes, maar ‘n Ander het my plek ingeneem en het vir my ‘n wonderlike kwytskelding gegee.

Maak sommer nou ‘n voorneme dat wat ook al gebeur, sal jy jou verhouding met Christus van oog-tot-oog, eerlik en van hart-tot-hart, opreg hou.